VERKLARING DEUR DIE KERKRAAD

Ons is oortuig daarvan dat 'n voortgesette, jarelange afwagting op die resultate van verdere studie oor sake wat tans in ons gemeente brandend aktueel is (punte 2 en 3 hieronder) nie die Koninkryk van God dien nie. Dit werk eerder verlammend op ons diens en ons getuienis in. Daarom besluit ons as kerkraad van Wapadrant as volg:

1. INLEIDING: SO LUISTER ONS NA DIE BYBEL

Ons weet dat God die helderste en betekenisvolste met ons praat deur sy Seun, Jesus Christus. Die koms van Jesus Christus, die Messias, bind wat die Here deur die Bybelskrywers vir sy mense laat opskryf het tot 'n eenheid saam. Daarom gaan die evangelie (Goeie Nuus) om bekering tot 'n versoende verhouding met God, en 'n lewe van groei, gesondmaking en heiligmaking wat daaruit voortspruit. Die Goeie Nuus geld vir individuele mense, maar ook vir die samelewing en die wêreld.

Dit is so dat die geskrewe Woord van God oor baie kwessies van die lewe nie spesifieke (en/of volledige) uitsprake bevat nie. Dit geld byvoorbeeld van kwessies binne die ekonomie en tegnologie, maar ook van kwessies binne die kerkregering, liturgie en etiek.

Om die inhoud van die Goeie Nuus aan meedoënlose teks-analises te onderwerp, ten einde daardeur logies te probeer aantoon dat 'n vraagstuk na een of ander kant toe beslis moet word, kan daarop neerkom dat die aard van God se geskrewe openbaring nie gerespekteer word nie. Aan die een kant word "die Skrif" tot 'n voorwerp van wetenskaplike studie gemaak, wat uitgelewer is aan die manipulasies van 'n instrumentele rede. Aan die anderkant, paradoksaal, kom hierdie benadering neer op 'n Bibliolatrie – die aanbidding van die Bybel, en nie van God, die Een wat met ons praat nie.

Op ’n fundamentele vlak is dit ook so dat – namate verby die vooropstaande en duidelike boodskap beweeg word (die skopus en telos van ‘n gedeelte), en gepoog word om al hoe fyner betekenisnuanses te onderskei – dit gewoon nie altyd moontlik is om presies te sê wat die oorspronklike bedoeling van ’n teks was nie. Hierdie stand van sake word vandag deur die beste argumente in die studieveld van die hermeneutiek ondersteun. Die ineengeweefdheid van teks en konteks is té kompleks, en daarbenewens kan die ervaringshorison van die interpreteerder nooit volkome opgeskort word nie.

Hierdie stand van sake bring mee dat gelowiges in die oorweging van bepaalde kerkregtelike, liturgiese en etiese aangeleenthede sal moet erken dat detail teksanalise en vergelyking hulle tot op ’n bepaalde punt sal help, maar nie noodwendig by ’n finale antwoord sal bring nie. Hulle sal in weerlose afwagting op die leiding van die Heilige Gees binne die breë riglyne van God se Goeie Nuus in Jesus Christus moet optree. Die breë openbaringshistoriese lyn van die Woord van God moet die deurslag gee in die neem van verantwoordelike besluite rakende kerkregtelike, liturgiese en etiese vraagstukke.

2. DIENSWERK EN AMPSBEKLEDING IN WAPADRANT GEMEENTE[1]

Ons aanvaar as algemene vertrekpunt dat *elke* gelowige, op grond van sy/haar geloof in Jesus Christus, deel in Sy ampte van profeet, priester en koning. Elke gelowige het dus *oral* (in die kerk en in die wêreld) die roeping om profeties die Goeie Nuus te verkondig, priesterlik die heiligmaking en reiniging van Christus te bedien, en koninklik leiding te neem in die uitbreiding van God se koninkryk. Hierdie beginsel behoort volgens ons neerslag te vind in ons verstaan van die besondere ampte in ons gemeente.

Daarmee saam aanvaar ons dat hier by ons in Wapadrant Gemeente mense in bedieninge en dienswerk posisies tereg moet kom op grond van hulle gawes en geleenthede, asook op grond van die roeping wat elke gelowige inwendig ervaar, en nie op grond van geslag nie.

Die erkenning van iemand se gawes en geleentheid om ’n bepaalde dienswerk te doen, asook sy/haar getuienis van ‘n inwendige roeping, is die enigste gronde waarop ons as gemeente ‘n uitwendige roeping in die naam van die Here aan iemand kan rig. Dat iemand aan ’n bepaalde geslag behoort – manlik óf vroulik - mag in sommige gevalle ’n geleentheid wees vir die

[1] Die meerderheidsrapport van Deputate Leerstellige Sake 2006 word as breë addisionele begronding van ons standpunt voorgehou.

uitvoering van 'n dienswerk, en in ander gevalle mag dit irrelevant wees. Ons wil egter nie byvoorbaat mense die geleentheid tot sekere bedieninge ontsê op grond van hulle geslag nie.

3. SANG EN MUSIEK TYDENS DIE EREDIENSTE

Die Bybel as gesagvolle Woord van God, roep ons as gemeente op tot sang en musiekmaak. Uit die totale Woord van God, wat self binne verskillende tale, kulture en idiome gestalte gevind het, is dit duidelik dat die spesifieke vorme wat sang en musiek in ons gemeente moet aanneem nie deur die Bybel voorgeskryf word nie. Sang en musiek is vorme van kommunikasie. Die kommunikasie waarby 'n gemeente betrokke is, is drieërlei: met God, met mekaar en met die wêreld. Die vorme waarin sang en musiek in ons gemeente plaasvind moet die funksie van hierdie drieërlei kommunikasie dien. Ons erken verder dat daar kerklied en kerkmusiek (musiek wat nie sang begelei en/of ondersteun nie) is. In ons gemeente wil ons aan beide 'n regmatige plek gee.

In beginsel bestaan daar ook geen verskil tussen Skrifgetroue prediking, gebede en liedere nie. Al drie vorms van kommunikasie rus in en op die Woord en strek daarom tot eer van God Drie-enig. As ons boonop ernstig is daaroor dat ons as gemeente ook in ons eredienste na die wêreld toe wil kommunikeer, dan sal ons sorg dra dat die taal van ons sang en musiek verstaanbaar sal wees vir die mense van ons omgewing.

Die musiek en die sang in ons gemeente erken die tradisie waaruit ons kom. In ons tradisie is die Psalms baie belangrik. Daarmee saam waardeer en gebruik ons die musiek en liedereskat wat na ons toe kom vanuit die tyd van die Reformasie, en vanuit die reformatoriese tradisie. Ons liedereskat word verder voortdurend aangevul deur die skep van Skrifgetroue liedere. Dit is liedere wat God se openbaring aan ons, en ons gelowige reaksie op God se openbaring in ons eie woorde weergee. Die inhoud daarvan is egter heeltemal in lyn met die breë lyne van God se openbaring. Naas die Psalms en Skrifberymings bevat Skrifgetroue liedere die besondere voordeel dat die Ou Testament (belofte) en die Nuwe Testament (vervulling) in een lied saamgevoeg kan word – iets wat nie moontlik is in die geval van die Skrifidentieke en Skrifberymde lied nie.

Ons is oortuig daarvan dat bostaande beginsels in lyn is met die breë bane van die Goeie Nuus wat God in Jesus Christus aan ons gegee het.

4. BESLUIT:

Die Kerkraad van GK Wapadrant:

1. Aanvaar **1. Inleiding: so luister ons na die Bybel** as die manier waarop ons gemeente met die Skrif omgaan
2. Aanvaar **2. Dienswerk en ampsbekleding in Wapadrant Gemeente** as sy uitgangspunt vir die funksionering van die ampte in ons gemeente
3. Besluit om in die toekoms mense - ongeag geslag – volgens hierdie uitgangspunt (2) in die ampte te bevestig
4. Aanvaar **3. Sang en musiek tydens die eredienste van Wapadrant Gemeente** as sy uitgangspunt ten opsigte van sang en musiek in die gemeente, insluitende eredienste
5. Besluit om in ons eredienste, benewens die liedere uit die Psalmboek wat deur die nasionale Sinode van 2003 goedgekeur is, ook Skrifgetroue liedere te sing.
6. Stel as kriteria waaraan liedere en musiek getoets word vir gebruik in ons gemeente, die volgende:
   a. Skrifgetrouheid (en daarmee ook belydenisgetrouheid)
   b. Doelgerigtheid (die lied en/of musiek moet pas by die doel waarvoor dit gebruik word)
   c. Kultuurgerigtheid (die lied en/of musiek moet pas by die deelnemers en/of aanhoorders)